

## **Voorgestelde verandering aan die US-ongeskiktheidsvoordeel**

Die Universiteit Stellenbosch (US) bied 'n ongeskiktheidsvoordeel aan al sy permanente werknemers, sowel as aan vastetermynkontrakaanstellings wat ingevolge hulle diensvoorraades vir hierdie voordeel in aanmerking kom. Die ongeskiktheidsvoordeel is 'n maandelikse inkomste wat tot en met gewone aftreeouderdom of vir die hersteltydperk betaalbaar is, en bedra 75% van die werknemer se indiensnemingskoste (oftewel 'koste van indiensname (KVI)).

Die versekeringsbedryf se benadering tot hierdie voordeel het die afgelope paar jaar verander. Die premies vir versekerde ongeskiktheidsvoordele was voorheen belastingaftrekbaar, en die voordeel self was belasbaar by uitbetaling. Wetswysigings het egter meegebring dat die premies nie meer van belasting afgetrek kan word nie, en die inkomstefordeel is nou belastingvry. Gevolglik dek die versekeringsbedryf nie meer daardie gedeelte van die voordeel wat 'n werknemer se netto salaris oorskry nie. Die maksimum versekerde voordeel is oor die algemeen 75% van KVI, met 'n boperk van KVI minus inkomstebelasting.

Die huidige versekeraar en hulle herversekeraars het bevestig dat hulle nie meer 'n polis sal onderskryf wat steeds die volle ongeskiktheidsvoordeel bied nie. Hulle argument is dat 'n werknemer nie gedurende ongeskiktheid 'n hoër netto inkomste behoort te ontvang as wanneer die persoon werk nie omdat dít die werknemer inderwaarheid ontmoedig om aan die versekeraar se rehabilitasievereistes te voldoen.

Die Universiteit is van plan om sy voordeelbeleid by die bedryfstandaard van 75% van KVI, met 'n boperk van KVI minus inkomstebelasting, aan te pas. Indien die huidige voordeel onveranderd bly, sal die Universiteit self die onversekerde gedeelte moet verseker, wat 'n enorme finansiële risiko inhou.

Die verandering sal nie alle US-werknemers raak nie – slegs diegene met 'n gemiddelde belastingkoers bo 25%. Die voorbeeld hieronder toon die impak van die verandering. (Om sake te vereenvoudig, weerspieël die voorbeeld nie enige ander US-voordele nie.)

Voorbeeld van werknemer wat R1 000 000 verdien			Voorbeeld van werknemer wat R500 000 verdien		
	Voor ongeskiktheid	Gedurende ongeskiktheid		Voor ongeskiktheid	Gedurende ongeskiktheid
KVI	1 000 000	697 327	KVI	500 000	500 000
75% van KVI	750 000	750 000	75% van KVI	375 000	375 000
Belasbare inkomste	1 000 000	0	Belasbare inkomste	500 000	0
Belasting per jaar	302 673	0	Belasting per jaar	107 481	0
Netto inkomste ná belasting	697 327	697 327	Netto inkomste ná belasting	392 519	375 000
Gemiddelde belastingkoers	30%		Gemiddelde belastingkoers	21%	
Vermindering in ongeskiktheidsvoordeel	52 673		Vermindering in ongeskiktheidsvoordeel	-	
Vermindering in netto salaris	-		Vermindering in netto salaris	-17 519	
Vervangingsverhouding	100%		Vervangingsverhouding	96%	

Waar 'n werknemer dus meer as 25% belasting betaal (voorbeeld links), verminder die voordeel van 75% van KVI, maar bly die netto salaris ná belasting dieselfde. Vir 'n werknemer met 'n belastingkoers onder 25% (voorbeeld regs) bly die voordeel dieselfde en is netto inkomste ná belasting die volle voordeel van 75% van KVI.

Selfs met die voorgestelde verandering ingerekken, glo ons die US se ongeskiktheidsvoordeel oortref steeds dié wat verskeie ander werkgewers bied.

Voordat ons hierdie verandering instel, gun ons werknemers graag 'n geleentheid om hulle mening hieroor te lug. Stuur gerus enige kommentaar of terugvoer teen sluitingstyd op 10 Desember 2021 na [sun-e-hr@sun.ac.za](mailto:sun-e-hr@sun.ac.za). Alle terugvoer sal saamgevoeg en vir finale oorweging aan die Rektoraat voorgelê word. Die Rektoraat se besluit sal so gou moontlik daarna bekend gemaak word.

Vriendelike groete

**Victor Mothobi**

**Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne**

**27 November 2021**